# "ROOI FAAN" VAN DER MERWE DIE GRAVEERDER VAN BERMUDA*

C.A.R. Schulenburg
*Pretoria*

Toe skrywer en sy eggenote onlangs die Boere krygsgevangene-begraafplaas te Bermuda besoek het, is die naam "F. vd Merwe" in klein letters onderaan die gegraveerde lys van die gestorwenes op die gedenkteken waargeneem. Ons nuuskierigheid oor dié persoon wat só kunstig kon graveer, is geprikkel. Ons lees dan ook in ds. J.A. van Blerk se boek "Op die Bermudas Beland" van hierdie einste "F. van der Merwe", en verneem dat hy bekend was as "Rooi Faan" van Fauresmith. Na verdere navorsing is inligting ontvang van mnr. Militaire du Plessis van Fauresmith en mnr. W. van der Merwe van Linden, seun van Rooi Faan. Hierdie here het goedgunstiglik toestemming verleen tot die skrywe van hierdie stuk. Hier volg dan die storie van dié merkwaardige "Rooi Faan".

★ ★ ★

Francois van der Merwe is op 25 Augustus 1877 op die plaas Metz in die distrik Fauresmith gebore. Omdat hy rooi hare gehad het, en rooi van aangesig was, het hy gou vir homself die bynaam "Rooi Faan" verwerf. Soos ons sal sien, was hy ook 'n onverskrokke vegter in die Anglo-Boereoorlog, sodat hy ook bekend was onder sy maats as "die Rooi Duiwel" of "Rooi-hel Faan", en, onder die Engelse as "the Red Demon of Calvinia". Daar was ook sprake dat die "Rooi" in sy bynaam betrekking had op Koning David van ouds, of op Esau met sy rooi, harige lyf.



*Fig. 1: Skrywer by die gedenknaald, op Long-eiland, Bermuda. F. v.d. Merwe se naam kan regs onder gesien word. Sy pragtige graveerwerk is duidelik te sien.*

Francois was alreeds van kinderdae af 'n kleurryke figuur en 'n paar staaltjies dien vertel te word. Op 'n dag kom hy by die mark aan waar die stadsklerk, 'n statige ou Hollander, besig was om produkte op te veil; en nou vertel Rooi Faan self: "Toe die ou nou by die kwepers kom, vat hy nou een van die mooiste kwepers so tussen sy vingers, en hy hou hom so omhoog, en die ou sê: 'Gee vir my een bod voor deze pragtige kweepeeren, per dozijn. Wie zeg een pennie, wie zeg een pennie, ja, daar heb ik een pennie, wie zeg twee pennie, wie zeg? Ja twee pennies, daar heb ik twee pennie per dozijn voor deze pragtige kweepeeren, wie zeg drie pennie, drie pennie? Ja, daar heb ik drie pennie, drie pennie heb ik, drie pennie, wie zeg vier pennie?' en dis toe waar ek sê: 'Twee pennie', en die ou sê 'twee pennie heb ik, twee ...' en toe kom die ou darem agter ek het hom afgebie, en hy skree vir my: 'Weg hier, je rakker, wat neuk je?!' "

Francois gaan later hoërskool toe, soos hy self sê, in "Blomfontein", en hy en 'n paar maats loop weer eendag 'n Hollander raak by die destydse Raadzaal, waar hy op 'n steier besig was om die Vrystaatse wapen oor te skilder. Rooi Faan wys die oubaas herhaaldelik daarop dat hy foutmaak — hy moenie 'n lemoenboom skilder nie, dit moet 'n olienhoutboom wees — die Vrystaatse wapen het nooit 'n lemoenboom op gehad nie! "Wilt je probere vir my te korrigeerde?" vra die oubaas. "Ik weet wat ik wel doen!" Toe Rooi Faan weer sy mond oopmaak, sê die Hollander: "Weg hier, maak je even uit de voete, eer ek hier afklim en de bliksem op je ooren uitklapte!"

Francois het sy matriek gemaak en saam met sy vader gaan boer op die plaas. Net toe kry hy die idee in sy kop om sy hare te laat groei. Hierdie rooi, maar *rêrig* rooi hare groei tot dit op sy skouers hang en nog 'n bietjie verby die skouers ook. Geen vader, broers, familie en vriende kon hom van hierdie gier laat afsien nie. Die eerste grap met die hare kom toe hy vir hom 'n fiets aanskaf, een van daardie met die groot voorwiel en die klein agterwieletjie. Dit was die eerste in die dorpie, en 'n nuwigheid. Eendag ry hy op pad plaas toe. "So 'n ent uit die dorp uit," vertel hy, "daar haal ek 'n man met 'n kar en vier perde in; ek wil toe by hom verbygaan, trap die fiets 'n bietjie vinniger, gaan stadig by hom verby, en toe ek nou so skuins voor die voorperde kom, lat hulle my kan sien, met die bos rooi hare wat nou hier agter my aanvlie, skrik die perde en neem die loop met die ou man uit die pad uit oor die bossies en polle, en hy het sy werk gehad om hulle weer onder bedwang te bring, terug te bring in die pad; maar toe is ek weer agter hom, en wil ek weer by hom verbygaan; nes ek weer skuins voor die voorperde is, wèèr dieselfde ding — en só het ek die arme man geterroriseer tot waar sy pad en my pad uitmekaar gedraai het — ek is toe huis toe". Later sou hy hoor hoedat die oubaas sy opinie uitgespreek het op 'n boerevergadering op Fauresmith: "Dat dier, die de Roode Faan heeft gereden, dat dier moet zwaar belast worde!"

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog sluit Rooi Faan dadelik aan by die Boerekommando's. Op 'n keer bevind hy hom opgesluit in die tronk op Jagersfontein en hy word tot die dood veroordeel deur 'n Majoor Kinghall. Hy wag egter tevergeefs (en met vreugde) vir die bestelling met die vuurpeleton. Hy vertel van twee naturellewagte in die tronk, die goedige ou Jim Kapie, en die parmantige en militante, swetsende Janewarie. Faan se broer Sarel, ook in die tronk, ontvang van sy vrou 'n boodskap in 'n koekie versteek, dat die Boere hulle sou kom red uit die tronk. Nie te lank nie, of die Boere verskyn op die toneel, en die dorp word ingeneem. Ou Jim gooi die tronksleutels net daar neer, en Rooi Faan sluit self die tronkdeur oop. Hy veg self met ou Jim se geweer en later met 'n Skot se geweer, wat hy gebuit het; voordat hy die

lig. Hy het besonder kunstige houtsneewerk gedoen. Met yster, koper, blik, klip of leer kon hy dinge skep en vervaardig. Toe die krygsgevangenes op Bermuda 'n gedenkteken in die begraafplaas oprig, waar 35 van hul makkers begrawe lê, doen Rooi Faan die haas onverbeterlike graveerwerk op die gedenknaald. Hy het sekerlik baie bygedra tot die aktuele oprig van die gedenknaald, en daar is sprake dat hy dit eiehandig opgerig het, maar dit word nie bevestig deur ds. van Blerk, onder wie se toesig die werk gedoen is nie. Rooi Faan het egter 'n model van die gedenknaald gemaak uit Bermuda — sandklip, ongeveer 55 cm. hoog, maar dit het later, helaas, in Suid-Afrika verlore gegaan.




*Fig. 2: "Rooi Faan", circa 1902.*

Met sy terugkoms in Kaapstad ná die vredesverklaring word hy weer eens in hegtenis geneem en vir 23 dae in die gevangenis in Roelandstraat opgesluit. Dit is onseker wat die klagte teen hom was, maar dit is uiteindelik teruggetrek deur bemiddeling van Generaal Hertzog.

Daar is nog ' n menigte voorbeelde van Rooi Faan se absolute onverskrokkenheid en dapperheid, wat be-aam word deur kollegas wat met hom geveg het. Hy was ook geseën met meer as die Bybelse "tien talente". Hy kon baie goeie briewe skryf in Nederlands en Engels, albei tale wat hy vlot gepraat het. Hy was, soos ons al verneem het, 'n gebore kunstenaar. Gee hom 'n goeie stuk hout, en hy het met sy knipmes of beitel, sonder enige tekening, begin sny en die mooiste dinge ontwerp, maar nooit meer as een nie. Hy het botweg geweier, al wou mense hom daarvoor betaal.

Hy was 'n baasbakker. Geen vrou kon hom oortref met seepkook nie. Hy het klere ontwerp en gemaak, vir vrouens of mans. Hy het vir niemand teruggestaan met die kook van konfyt of die inlê van vrugte nie. In 1914, toe boerdery deur 'n baie swaar tydperk gegaan het, het hy op Fauresmith 'n werkswinkel opgerig waar hy die destydse Model-T Fordjies herstel het — sonder enige opleiding. Hy het selfs onderdele gegiet en afgewerk. Later is hy op Jagersfontein aangestel in bevel van die kragstasie, nog steeds sonder opleiding!

Rooi Faan het later verhuis na Krugerspan, in die Lydenburg-distrik. Ten spyte van sy vinnige humeur en sy baie vol en vinnige lewe, het hy 'n sagte hart gehad en het hy met die jare versag, sodat mensliewendheid 'n uitstaande kenmerk geword het. Hy is in Mei 1958 op Krugerspos oorlede, en is ook daar begrawe.

Hierdie artikel is 'n vervolg op die twee aflewerings oor krygsgevangenes op Bermuda in die vorige twee uitgawes van Historia.